# 17 Augustus 2023 - Lesing 102 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Kennis van die Kruisoffer in die duister sfere – 20/2/59

**NO: 7288** Vir alle siele het Ek My bloed vergiet aan die kruis van Golgota. As die siele in die duisternis hiervan kennis neem, dan is dit ook vir hierdie siele 'n straal van hoop, 'n strooihalm, waaraan hulle kan vasgryp, wanneer hulle dit wil hê om uit hulle kwelling verlos te word en om uit hulle steeds ondraagliker wordende nood weg te kom.

Want ook in die diepste duisternis word soms nog lig binnegedra, **wanneer ligdraers na die diepte afdaal** en aan die siele verkondig dat die Heiland en Verlosser JaHshua Messias ook vir hulle gesterf het aan die kruis. Hierdie ligdraers kom weliswaar **vermom**, hulle verskyn aan die siele in die duisternis as **gelyksoortige siele,** wat hulself besin het en vir hulself 'n uitweg oorweeg, wie hulle dan aan Hom herinner, van Wie hulle in die aardse lewe gehoor het, maar in Wie hulle nooit geglo het nie.

En nou word ywerige debatte gevoer, **maar meestal teen My,** Wie die verlossingswerk volbring het as die Mens JaHshua, want hulle staan almal nog onder die gesag van My teenstander, wat nie wil toelaat dat hy één van hierdie siele verloor nie.

Die ligdraers is egter vir hom onaantasbaar en hulle argumente oortuig tog steeds weer enkelinge, wie 'n uitweg soek en hulself toevertrou aan die boodskappers, wat voorstel om haar daarheen te lei waar helder lig straal, waar haar kennis kan vergroot en sy begin nou hoop te skep, omdat sy goed voel in die kring van die lig, maar ook weet sy dat sy met haar ingesteldheid eers die reg sal kan verwerf om in die sfeer te mag vertoef.

Solank as wat sy dit innerlik afwys, kan sy nog nie beskou word asof sy die duisternis ontsnap het nie, **die duisternis sal steeds weer bo haar sluit** en haar opnuut aan groot kwellinge blootstel. Maar sy vergeet nie die woorde van die boodskappers nie, wanneer sy eenmaal daaraan deelgeneem en daarop ingegaan het, sy roep hulle tog deur haar gedagtes steeds weer na haarself en steeds word die verlange groter, om weer in die kring van die lig binne te kan tree **en meer te wete te kom oor JaHshua Messias**, Wie ook vir haar moet verlos en Wie haar dus ook uit haar kwellinge kan bevry.

Dit is die belangrikste vir die siele in die duisternis, dat hulle die kennis van JaHshua Messias en die kruisdood bygebring word, as dit vir hulle tot nou toe nog onbekend was. Maar meestal sal slegs 'n kleine verwysing na Hom hulle herinnering opwek, op voorwaarde dat die **verlange reeds in hulle gewek was om verlos te word vanuit die duisternis**.

Verlang hulle dit nie, dan is alle kennis van My kruisoffer ook vir hulle vreemd, dan het die boodskappers van liefde en lig ook geen resultaat nie, dan staan hulle nog volledig onder die mag van My teenstander en dan is baie voorbidding nodig, om hierdie verstokte siekes andersdenkend te maak, **want sonder JaHshua Messias is daar vir hulle geen redding uit die duisternis nie.**

In die laaste tyd voor die einde is dit juis die voortdurende werk van die ligwesens, wat sulke siele in die duisternis wil help, om nog voor die einde die diepste dieptes te kan verlaat, **sodat hulle nie opnuut gekluister sal word** in 'n toestand van kwellinge wat hulle huidige verblyf nog oortref nie. En **julle gebed vir hierdie siele dra baie daartoe by,** dat hulle hardheid verminder en hulle hulself oopstel, wanneer hulpvaardige wesens 'n voorstel maak om hulle na vryheid te lei.

Die kruis van Messias laat sy Lig oral heen straal, sodat die siele steeds meer sal dink watter betekenis dit het. Maar eers die **vrye wil van die wese** maak dit moontlik dat Ekself die genade van die verlossingswerk oor die siele uitstort, want die vrye wil moet bereid wees om Myself in JaHshua Messias aan te roep om redding uit die diepte.

En dit sal die siel eers doen, wanneer sy onderrig ontvang het, wat in haar die geloof van My kruisoffer gewek en versterk het, sodat sy nou innig daarom sal bid, om deur JaHshua Messias verlos te word van haar pyn, wat haar siel so lank gekwel het, totdat die besluit in haar ryp geword het, om haarself **tot My in JaHshua Messias te wend.**

Dan word sy egter uit die duisternis opgehef na die lig, dit wil sê, sy sal die duister plek nie meer hoef te betree nie, word sy in die kring van ligsoekers opgeneem en met lig vervul en sy sal in diepe dankbaarheid **self die hande uitsteek om haar broeders en susters, met wie sy die duisternis moes deel, te help en te red**.

En so 'n siel sal ook baie verlossingswerk met sukses deurvoer, want sy is in haar aandrang na liefde ywerig doenig, om ook aan sulke siele die evangelie te bring, om hulle ook te oortuig van die werk van liefde en erbarming van Hom, Wie Sy bloed aan die kruis vergiet het, **om alle siele te red van die geestelike dood. Amein.**